

Droë toestande het boere benoud

Tydens die 2016 droogte het ekonome gesê dat vir elke R1,00 wat die landbousektor verloor, verloor die plaaslike ekonomie R1,50. Die platteland kry die meeste swaar tydens hierdie droogte tye. Saaiboere is benoud oor die reën wat wegbly en lande wat nog gewerk moet word voordat hulle kan plant. Veeboere moet lek koop en beeste moet uit die lande, natuurlike weiding is op sy laagste. Die Riemland is hierdie jaar gesnoep met winterreën, geen reën is gemeet vanaf Mei vanjaar nie. Die gemiddelde reënval vir September en Oktober is onderskeidelik 20.1mm en 64.29mm. Die hittegolwe die afgelope weke het bygedra dat toestande vererger.

HET JY GEWEET

Al'Aziziyah in Libië het die hoogste aangetekende temperatuur op aarde met 'n kokende 58°C op die 13de September 1922.

Die laagste ooit aangetekende wêreldtemperatuur was by die Vostok Station, Antarktika op 21 Julie 1983 by 'n bitter -89.6° C

Mawsynram in Indië is bekend as die natste plek op aarde, met meer as 11 meter reën wat elke jaar val.

In teenstelling hiermee is Antofagasta in Chili die droogste plek op die planeet wat minder as 0.1mm per jaar kry en met baie jare geen reënval hoegenaamd nie.

Op 14 April 1986 is Bangladesj getref deur die grootste haelkorrels wat ooit aangeteken

is - met meer as 1kg elk - met 92 mense dood.

9 uit 10 weerligstrale tref land eerder as oseane.

WEER VOORUITSIGTE

Op hierdie stadium word die ENSO-

vooruitsigte vir die komende somerseisoen as neutraal beskryf, met seewater wat ietwat warmer as gewoonlik is. Dit beteken dat dit moeilik is om die ENSO alleen te gebruik om 'n voorspelling te maak oor Suid-Afrikaanse reënvalverwagtinge vir die

komende 2019/20 somerseisoen. In so 'n geval is dit meer wenslik om gebruik te maak van gekoppelde oseaanatmosfeerklimatemodelle. Volgens Accuweather lyk die kans op neerslae baie goed vir Donderdag 31 Oktober.



Wendy Roos, vier 50 jaar in die harebedryf. Lees volledige berig op bladsy 8.

Welcare Bul as beste aangewys



Jare se teling en seleksie het erkenning gekry tydens die onlangse Aldam Stockmans School. Die Bul WWH1689 uit die Welcare Brahamn stoet van Hattingh's van Heilbron is aangewys as die Landbouweekblad Teelplan Skoubul van 2019. Die stoet is in 1987 begin met Rooi Brahmane en in 1998 is Wit Brahmane ook bygevoeg in die nou bekende Welcare stoet. Op die foto staan Wessel Hattingh met die sertifikaat wat aan hulle toegeken is tydens vanjaar se Stockmans School op Allemanskraaldam.

Byeboere moet registreer by Departement

Om 'n byeboer te wees kan 'n opwindende stokperdjie wees, as die doel is om heuning en byewas te versamel en landbouoeste te bestuif, maar kan ook 'n voltydse onderneming raak. Die 'South African Bee Industry Organisation' (SABIO) stel voor aan alle byeboere om te registreer by die Departement Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF). Daar word vereis dat daar vir verskeie veiligheidsredes op elke byekas 'n registrasienommer moet wees. Registrasie vind plaas tussen 1 Januarie tot 31 Maart en is gratis. Dit verskaf 'n byeboer van 'n serti-

fikaat om te mag met bye boer. Indien DAFF op 'n boer se plaas kom waar ongemerkte kaste staan, sal die grondeienaar aanspreeklik gehou word daarvoor en per kas beboet word. Bloekombome en sonneblomlande is die mees algemene plek vir bye se staanplek in die Heilbron omgewing en 'n versoek word aan boere gerig om slegs een byeboer op hulle plaas toe te laat om konflik tussen boere te voorkom. Maak ook seker dat jou byeboer in die besit is van 'n sertifikaat en dat elke kas 'n DAFF nommer op het, ander besonderhede kan

ook geneem word. Vreemde kaste dra dalk ook siektes en te veel kaste op 'n plaas kan veroorsaak dat die bye mekaar uitroei. Baie byeboere trek hulle kaste vanuit die Laeveld hierheen weens siektes in hulle omgewing, maar hulle eie kaste het reeds 'n groot kans om hierdie siektes te dra en veroorsaak groot probleme vir plaaslike boere en bye. Alhoewel die heuningby baie skepsels regoor die wêreld terroriseer is hy egter baie belangrik vir bestuiwing en net soos Suid-Afrika nie sonder boere kan klaarkom nie, kan boere nie sonder bye klaarkom nie.



ULTIMO
AUCTIONEERS

(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS

SATERDAG
26 Oktober om 11:00

SATERDAG
9 November om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand
verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is
ook baie welkom.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en
inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake **ELKE** keer die **EERSTE** keer
REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



Boks vir 'n Boervrou Projek

Die geleentheid wat die Boks vir 'n Boervrou Projek skep is deur gewillige Heilbronniers met mening aangegryp en 37 bokse is reeds gereed vir aflaai. Nie net vrouens het sover deelgeneem aan die projek nie, maar die mans is ook gewillig om te help. Hierdie projek is aangepak nie net in Heilbron nie, maar regoor Suid-Afrika, weens die droogte wat steeds genadeloos voortduur. Dit steel vreugde by families en maak mense moedeloos. Bokse word nou opgemaak as bederf - en omgee - 'n basiese pakkie van sowat R250. 'n Brief is aan NG Kerk Suid gestuur om die gemeente te vra om bederfbokse op te maak spesifiek vir die Nood-Kaap omge-wing. Dit word gekombineer met die feestyd wat voorlê om na vroue uit te reik. Die inhoud moet egter in

'n skoenboks kan pas. Jy kan steeds deelneem aan hierdie liefda-digheidsprojek en 'n boks opmaak met items in soos: Sokkies, handerूम, haarsjampoe en -opknapper, tee, koffie, tissues, tandepaste, tandeborsel, "Vaseline", penne, vadoek, waslap, skeermes, eethappies, serpie, geestelike dagboek, leesboek of tydskrif. Daar is geen beperkings nie. Nadat benodighede in die boks gepak is kan dit toegedraai word met bruinpapier of koerantpapier en met 'n mooi lint toegebind word. Bokse kan voor 8 November afgegee word by Marlene Aggenbach by Hartklop in Wentworth Square of Wendy Roos by Salon Geody in Breëstraat. Dit word dan afgelaai by die Sinodale Kantoor in Bloemfontein en na die nodige plekke versprei.

VKB en Petrus Steyners ondersteun die Boks vir 'n Boervrou Projek

VKB Petrus Steyn Handelstak en VKB Foods in Petrus Steyn het die inisiatief geneem om saam met die gemeenskap van Petrus Steyn die Boks vir 'n Boervrou Projek te ondersteun. Die Boks vir 'n Boervrou Projek is 'n ondersteunings-projek vir die droogte geteisterde gebiede in die Karoo. Die lede van Wellington VLV het die projek begin en die projek op sosiale media bekend gemaak. Die projek behels bokse vol kruidentiersware wat toegedraai word en aan Wellington VLV gestuur word. Thys van Coller, Bedryfspuntbestuurder van VKB Petrus Steyn, vertel dat hy die een aand 'n video gekyk het van die boere wat swaar trek weens die droogte in die Karoo.

Dit het hom bygebly en die volgende dag het hy gevoel hy moet iets doen om te probeer help. Spoedig het hy bokse laat kom en hy het begin om die boere en gemeenskap van Petrus Steyn te bel en vra of hulle nie 'n boks wil borg vir die projek nie. Binne 'n paar dae het Thys en Anneri Jonker, assistent admin-dame by VKB Foods, 50 bokse gepak met kruidentiersware. Die gemeenskap van Petrus Steyn het oorweldigend positief reageer op die projek. Die bokse is op Woensdag 23 Oktober deur VKB Petrus Steyn vervoer na Bethlehem waar Annelie Kleynhans van MVV 'n koerier gereël het om die bokse te stuur na Prieska VLV en vandaar sal dit versprei word as deel van Burre Burger se projek.



Anneri Jonker, Assistent-adminidame en Thys van Coller, Bedryfspuntbestuurder.



Thys van Colleren en Annelie Kleynhans, MVV.

Dienssentrumlede "reis saam" met Aucamps



Op 22 Oktober 2019 was Judy Aucamp die gasspreker by Heilbron Dienssentrum. Sy het vertel van haar besoek aan Italië, Spanje en Portugal. Dienssentrumlede het dit geniet om "saam" met haar te reis en te hoor van haar en haar man, oud-landdros Dirk Aucamp se wedervaringe daar ver. Die oggend is afgesluit met 'n heerlike saamkuier. Volgende week DV doen hulle "name dropping".



VOORTREKKER OPE DAG

Graag nooi ons alle **Ouers en Kinders** om die 2de November 2019 om 09:30 vir 10:00 by die Voortrekkerterrein saam met ons te kom kuier.

Kom kyk hoe ons kinders leer om 'n verskil te maak. Waar ons met Christenskap in ons harte lewe, en kindwees nog lekker is. Waar ons saamsing en om kampvure sit. En waar ons nog diep spore gaan trap.

Kom geniet dag saam met ons en bring gerus 'n vleisie en iets te drinkte saam. (Geen sterk drank). Bykosse sal voorsien word.

HOU KOERS

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van André Lange gerig aan die redakteur. Toe ek die brief van Helene Howell in die 18 Oktober 2019 uitgawe van die Herald lees het haar verwysing na "ons almal" in Joh. 1:16 my onmiddellik laat herinner aan 'n aanhaling van Billy Graham in die Herald van Februarie 2003. (Al die jare 'n merker in my ou Bybel). Aanhaling: "Genade kan nie geleen, gebedel, gekoop, of gesteel word nie. Dit is drie-enige God se vrye gawe aan 'n "behoefte mensdom". Lees jy die brief verder dan kom ek onder die indruk naamlik dat dit verwys na "alle" mense ongeag hul geloof. Gaan jy egter terug na die begin van die Evangelie van Johannes dan kom die ware betekenis van die woord "ons" duidelik na vore: Joh.1:12. Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle

het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo. In vers Joh. 1:14 is 'n volledige verklaring van wie die sg. "ons" was waarna Johannes in vers 1:16 verwys. In Efesiërs 2:8 spreek die Woord nog duideliker "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God". Dit is die voorvereiste wat God stel naamlik: Vra My in gebed en geloof en Ek sal vir jou gee na jou behoefte. Gratis? Nee. God stel duidelik die volgende voorwaardes tot sy Genade Gawe aan die gelowige ontvanger naamlik:

- a) Ons moet toesien dat ons die genade nie tevergeefs ontvang nie. 2 Kor. 6:1.
- b) Nie genade misbruik nie. Rom. 6: 1,15
- c) Nie veragter in die genade nie. Hebr. 12:15.
- d) Die huigelaar verander genade in ongebondenheid. Judas 4.

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 | Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodighede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...



Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

hl

habby&lance

SOUTH AFRICA'S NO1 FABRIC & HOME STORE

WWW.HABBYANDLACE.COM

SALE

SUMMER

FOLLOW US FOR DAILY POSTS

016 422 5400

info@habbyandlace.co.za

56 Voortrekker Street, Vereeniging

We Courier Throughout SA

NOW R29.99 PM

SAVE R40

ASSORTED COTTON TWILL (150CM)

NOW R49.99 PM

SAVE R20

100% COTTON CRAFT (150CM)

NOW R49.99 PM

SAVE R20

PRINTED BUBBLE SATIN (150CM)

NOW R150.00 PM

SAVE R349

BRIDAL BEADED (113CM)

NOW R16.99 PM

MINI MATT (150CM)

FROM R14.99 PM

TUTU ELASTIC (4CM, 7CM & 23M)

NOW R19.99 P/PACK

SCHMETZ UNIVERSAL NEEDLES

NOW R22.99 P/REEL

5000M SEWING COTTON

NOW R9.99 EA

DMC EMBROIDERY THREAD

FROM R16.99 EA

LION KING FOOD STORERS

NOW R239.99 EA

TOILET ROLL HOLDERS (3S)

NOW R99.99 EA

7L PEDAL DUSTBIN

NOW R299.99 EA

CHAFING DISHES

NOW R79.99 EA

SAVE R20

6PC PASABACHE DIAMOND GLASSES

NOW R129.99 P/SET

5PC PASTA PLATES

FROM R79.99 P/SET

SAVE UP TO R70

5PC & 3PC APRON SETS

FROM R69.99 EA

OUTDOOR CUSHIONS

FROM R99.99 EA

COTTON TROWS (140X180)

NOW R39.99 EA

SAVE R40

HAND TOWELS IMPORTED FROM TURKEY

NOW R19.99 EA

CHARITY DK (100G)

NOW R36.99 EA

NEW

PRINTED CROCHET COTTON NO.5 (100G)

NOW R999.99 EA

SHIRAZ CARPET (150X220)

FROM R99.99 PM

NEW

JACQUARD CURTAINING (280CM) ROLL PRICE +-50M R89.99 PM

NOW R29.99 PM

PRINTED MINI MATT (150CM) ROLL PRICE R24.99 PM

NOW R19.99 PM

SAVE R10

DIAMOND JAVA LACE (150CM)

'N BLOUE

Ek kan onthou dat ons 'n bloue gehad het. So blou soos die Vrystaatse lug in die winter. En hy was groot, hy was reusagtig. Natuurlik gemeet daaraan dat ek baie klein was daardie dae, en dat die een wat ek nou het, kleiner is as wat daardie ene was.

EK KANNIE 'N TYD ONTHOU TOE HY NOG NIE IN ONS LEWENS WAS NIE. Dalk was daar iets anders, maar nie wat ek myself kan herinner nie. Ek kan die blye dag onthou toe my gryse ou pa (nog nie so oud daardie dae nie) hom huis toe gebring het.

Hy het geblink in die son en het skerp afgesteek teen die rooi Vrystaatse grond. Ek kon myself in een van die chroom-modderskerms sien. Die sitplekke was so groot soos 'n kerkbank en in die middel van die sitplek was 'n klein armleuninkie wat jy kon uittrek. Rooibruin vinielsitplekke met sulke gaatjies in.

Die agtervenster was so groot soos die skerm van 'n inry. (As jy te jonk is, sal jy nie weet hoe groot dit regtig is nie!) en daar was klein oopknip-venstertjies langs die groot oopdraaivensters.

Die voorste ligte was koeëlronde en die agterligte het so opgewip.

Ouma Cielie het nie met ene grootgeword nie, en toe sy die eerste keer in haar seun se splinternuwe Peugeot 404 ry, was haar reaksie: “Ek kan selfs hier sit en hekel.”

PEUGEOT IS IN 1810 GESTIG. In vergelyking met Volkswagen, byvoorbeeld, wat eers by 1937 gestig is, is Peugeot 'n baie ouer maatskappy. Peugeot het eers koffiemeulens, pepermeulens en soutmeulens gebou. Later het fietse gevolg. Die eerste Peugeot-motor het drie wiele gehad is deur stoom aangedryf. Ek lees dat hierdie motor “horribly unreliable” was. Daar was net vier van hierdie motors in 1889 gebou. Later het Peugeot van Daimler se binnebrandenjins gebruik gemaak. In 1896 is die eerste Peugeot-enjin bekendgestel.

In 1896 is Baron de Zuylen se Peugeot deur sy motorwerktuigkundige gesteel. Die eerste motor wat ooit gesteel is, was 'n Peugeot.

Hier is 'n paar interessante feite oor die Peugeot 404 reeks:

Die produksie hiervan is in 1975 gestaak, en teen daardie tyd was daar alreeds 2,9 miljoen eenhede daarvan verkoop. In Suid-Afrika is daar 79000 hiervan geproduseer. Die 404-reeks het die Safari Wedren in 1963, 1966, 1967 en 1968 gewen. Safari word in Kenia aangebied. Dit is die eerste keer in 1953 gehou toe die koninklike familie Kenia, Uganda en Tansania besoek het. In 1974 het dit amptelik die Safariwedren geword. Deesdae is hierdie wedren naastenby 5000 km lank.

The Day of Peugeot 404 is vir die tweede keer op 4 April 2019 gehou, en daar was eienaars wat hulle Peugeot al vir 50 jaar lank vertroetel.

MAAR ONS BLOUE WAS 'N PERD (OF 'N KAR) VAN 'N ANDER KLEUR.

Ek en my rooikopsussie het altyd plat agterin gelê sodat niemand ons in hierdie skip kon sien ry nie. My ouers het vriendelik vir almal gewaai, trots daarop dat hulle 'n nuwe kar kon hê en op die koop toe geen skuld nie. Maar die twee dogters wat nie so gaande daaroor nie.

Ek kan onthou dat ons kleintyd die klein karavaantjie

gehaak het en iewers gaan kamp het met die blou Peugeot. Met ons geluk sou ons 'n pap wiel iewers kry. Ons moes dan die laaste stukkie bagasie uitpak om by die noodwiel uit te kom.

My ma sou vir ons toebroodjies maak vir padkos en dit in 'n wit plastiekbak sit. Gewoonlik witbrood, plaasbotter en tamatie. Ek het nie langs die pad geëet nie, maar die wit plastiekbak in die agtervenster gebêre. Die son het deur die venster gebak en die tamatiebroodjies laat pap word. Later was die tamaties so effens surerig. Dit was die lekkerste lekker: wanneer die kar uitgepak was en almal rustig was, het ek my pap toebroodjies geëet.

Ek, ma en my sussie was een middag by die laerskool se kermis. Ek het, tot op daardie stadium, nog nooit iets gewen nie. Daardie dag wen ek 'n blou koek. Jip, so blou soos ons Peugeot. Ons al drie stap terug kar toe. My ma pak die inkopies op die dak van die kar en sluit vir ons almal oop (nog lank voor die dae van sentrale sluitstelsel).

Ons bêre die *goeters* wat nog in ons hande is, in die bagasiebak waarin jy kan verdwaal. Ek en my sussie klim in, my ma skuif agter die stuur in. Sy sluit die motor aan en ons trek weg met 'n vaart. My my slaan ankers aan toe ek skree: “Koek! Koek! Koek!” Die koek bons effens op die teerpad en iemand met 'n drieliter Cortina ry bo-oor ons blou koek.

Totsiens, koek.

MY MA HET ALTYD GESÊ DAT 'N PEUGEOT KAN RY, MAAR HY LIKE NIKS VAN 'N GRONDPAD NIE. Wat eintlik nie heeltemal waar is nie. Ons hou dit steeds as geheim.

Een middag ry my ma en boetie Jan na die bure toe. Plaaspad. En doer voor is 'n vierrigting stop. En wie stop in elk geval by 'n vierrigting stop op 'n plaaspad? My ma sit voet in die hoek en sy en Jan gesels land en sand. Sy kom agter dat sy moes rem trap om te draai, maar sy is effens laat. Die Peugeot skuif dwars oor die pad totdat dit by die aansluiting in die middel van die pad tot stilstand kom.

Jan sê: “Sjoe, ma het nou amper die afdraai gemis.”

Een middag brand daar 'n selfvoerder op die ander plaas af. My ma het my by die koshuis kom haal, ons ry sommer daar verby om te kyk of my pa nog besig is. My ma sit weer die voet in die hoek, soos wat dit hoort en die volgende oomblik is ons teen die lyndraad. Sy ruk die stuurwiel na regs en ons slaan vier rye se mielieplante kas toe. My ma ruk weer die stuurwiel na links en ons is oor die sandhobbel teen die grensdraad. Sy maak of sy aan die Safariwedren deelneem en ruk weer na regs.

Ek hoor glas spat en toe is daar net stof. Ons staan amper in die middel van die mielieland, ek het onder die paneelkissie te lande gekom.

Ja, 'n Peugeot is steeds vir my een van die leukste karre ooit. Maar hy was rateltaai.

Iemand het eendag vir Egmond Sippel (gaan vind gou uit wie hy is) gevra watter kar die beste op die mark is. Hy het droogweg geantwoord:

“Die een waarmee jy tans ry.”

Die bloue was een van die bestes, maar hel, hy was leuk.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Hervormingsfees

Sondag: 09:30 Erediens

Belydenisaflegging / Kleuterkerk / Kategese
Sin Kol: Bybelgenootskap (Koevert)
11:15 Ouderling- en Diakonievergadering / Blok 4

NG SUID

Hervormingsfees

Sondag: 09:30 Nagmaal

Sin Kol: Wêreldsending

Kategese / Gemeente-ete

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Katkisasie: Les 25

Diensbeurte: Wyk 1 & 2

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Hervormingsfees

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)

VBO Les 28

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens te Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GERE. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur

Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00

Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Brëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke word geneem.

10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Die rus ingegeaan



† Rhoda Heyns is oorlede in die ouderdom van 100. Sy is die 23ste Oktober oorlede en was vanaf 2009 by Huis Bron-van-Heil.

Ter perse gaan was begrafnisreëlings nog nie bekend nie. Sy laat na haar kinders, klein-kinders, agterklein-kinders, familie en vriende.

Damestee saam Aleit

Aleit Swanepoel van “Tyd Met Aleit”, 'n realiteitsprogram op Kyknet, was die hoofspreeker op die jaarlikse Dames-tee van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn.

Hy glo dat die bou van 'n goeie selfbeeld 'n mens se sukses bepaal en ook dat vriendelikheid, omgee en vrygewigheid die prys is wat elke mens moet betaal vir die spasie wat hulle opneem.

Aleit het moeilike kinderjare gehad en tog kan hy vandag spog dat hy die stigter en voorsitter is van een van die mees vooraanstaande troue- en funksiekoördineringskonsultantefirmas in Suid-Afrika en internasionaal. Aleit se konsultantefirma het meer as 70 personeellede wat onvergeetlike troues, funksies en sosiale geleenthede skep en organiseer.

Aleit getuig dat spesiale onderwysers sy toekoms bepaal het deur sy potensiaal raak te sien en hom aangemoedig het om sy talente te ontwikkel. Sukses volg dikwels op daardie stemmetjie wat agter jou fluister: “Doen dit nou!” 'n Mens kan self bepaal hoe jou lewe gaan uitdraai deur die regte keuses te maak.

Aleit spesialiseer ook in binnenshuise versiering en reis dikwels oorsee om te sien hoe dit daar gedoen word. Hy ignoreer mode oor die algemeen, maar sê dat hout en koper deesdae baie saam met fluweel gebruik word. Diepblou en swart is gewilde kleure en huisplante het nou weer 'n plekkie gekry.

Aleit sê dat mens met 'n klein begroting baie kan uitrig om 'n huis op te kikker deur slegs 'n vertrek vars uit te verf, ou matte uit te haal, vloere te skuur en ligskakelaars en ligte toebehore te vervang. Hy eindig sy motiveeringspraatjie met aanhaling van Moeder Teresa: “Help one person at a time and start with the person nearest to you.” Aleit poog om daaglik hierdie waarheid uit te leef.



Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033 of 083 363 6553.



Has a vacancy for a

RETAIL ASSOCIATE: HEILBRON

For more information and job requirements, follow this link:

<https://bkb.job.skillsmapafrica.com>

Reference number: TRAD379
Closing date: 30 October 2019

INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP

EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

www.bkb.co.za



Manufacturing & Installing
of granite & marble countertops

Contact us for a FREE quotation

admin@chtombstones.co.za
058 852 2680 / 082 318 8299
www.chtombstones.co.za

Like us on  CH Tombstones & Granite Works



Russells
You pay less for more

OPENING SALE

23-27 OCTOBER 2019

RUSSELLS HEILBRON
50 CHURCH STREET, HEILBRON

Hoërskool Reitz presteerders vir 2019



Jani de Bruin, 'n graad 7-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Kultuurdogter van die jaar by die Laerskool Prysuitdeling.



Luan Strauss, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportman (Buiteskool) van die jaar asook die Kultuurseun van die jaar by die Hoërskool Prysuitdeling.



Wihan Neethling, 'n graad 5-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportseun van die jaar by die Laerskool Prysuitdeling.



Luné Pretorius, 'n graad 11-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Kultuurvrou van die jaar by die Hoërskool Prysuitdeling.



Adriaan Bonthuys, 'n graad 6-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportseun (Buiteskool) van die jaar by die Laerskool Prysuitdeling.



Aluschka Heymans, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Kultuurseun van die jaar by die Hoërskool Prysuitdeling.



Willie Taljaardt, 'n graad 5-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportdogter van die jaar by die Laerskool Prysuitdeling.



Suné Hills, 'n graad 5-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportdogter van die jaar by die Laerskool Prysuitdeling.



Hoërskool Reitz het op Woensdag, 9 Oktober, van hul Matrieks afskeid geneem. Die skool se jarelange tradisie, dat jy slegs die klok mag lui op jou eerste en laaste dag van skool is gestand gedoen. Op die foto is die hoofleiers van 2019. Van links: Bruwer Potgieter en Cahrsla de Bruyn.



Megan Haward, 'n graad 7-leerder van Hoërskool Reitz het met 4 top toekennings weggestap by die Laerskool Prysuitdeling. Die toekennings was as Dux-leerling, Sportdogter (Buiteskool), Kultuurdogter en Veelsydigste leerder van die jaar.



Die Laerskool VRL-seuns van Hoërskool Reitz vir 2020 is tydens die Laerskool Prysuitdeling aangewys. Hulle is van links: JW Smalberger, Christiaan van der Sandt (ondervoorsitter), Adriaan Bonthuys (voorsitter), Tiren Swart en Wihan van der Schyff.



Die Laerskool VRL-dogters van Hoërskool Reitz vir 2020 is tydens die Laerskool Prysuitdeling aangewys. Hulle is van links: Noeline Mathee, Mia Peacock, Zanell Dorfling (voorsitter), Akhona Mabe (ondervoorsitter) en Luné van den Berg.



Die Graad 12 VRL-lede van Hoërskool Reitz vir 2020 is tydens die Hoërskool Prysuitdeling aangewys. Hulle is van links: Lenese Davel (ondervoorsitter), Liza-Lee Jordaan, Armand Fivaz (voorsitter), Luné Pretorius (voorsitter), Linelle Oberholzer en Johanri Naudé.

Hoërskool Heilbronse leiers vir 2020



KOSHUISPREFEKTE: Elana Dippenaar en Xander Visagie.



BESTUURSKOMITEE: Voor vl: Kayla Bosman, Johanri Pretorius, Mieke van Wyk (Voorsitter), Carlie Rochat, André Viviers (Voorsitter) en Alden de Jongh. Agter vl: JC Potgieter, Marnus Labushagne, Tiaan Britz en Hannes Els.



Quiriané Charilaou, 'n graad 8-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Veelsydigste leerder van die jaar by die Hoërskool Prysuitdeling.



Meghan Byliefeldt, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Reitz is aangewys as die Sportvrou (Buiteskool) van die jaar by die Hoërskool Prysuitdeling.



MEDIAPREFEKTE: Voor vl: Elyn-Evé Joubert, Juan Janse van Rensburg, Franco Roos, Minnette Els, Dihan Janse van Rensburg (Voorsitter) en Adri Erasmus. Agter vl: Janika Potgieter, Taylor Ferreira, Ruan van Staden, Amoné Houy, Abigail Harding en Alexa Kruger (Voorsitter).



HOËRSKOO HEILBRON MATRIEKKOMITEE VIR 2020: Op die foto agter vl: Arno Hendrikse, Ryan Nel, Francois Els (Voorsitter), Jan Strydom en Roberto Meneses. Voor vl: Kyla de Lange, Hilde Roos, Mienke Roos (Voorsitter), Izany de Wit en Carla Blom.



VRL: Graad 8 - Henrico de Jager en Madeleen de Beer, Graad 9 - Stean Lategan en Judike Gavin, Graad 10 - Alden Peach en Anica Grobler. Agter: Graad 11- Geo Hausleitner en Rialeit Swart, Graad 12 - Francois Els en Mienke Roos (Voorsitters).

GEKLASSIFISEERD
Smallsm

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heralduus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 25 Okt.	20 / 30	Sonnig
Sa 26 Okt.	14 / 34	Warm
So 27 Okt.	14 / 32	Warm
Ma 28 Okt.	15 / 33	Warm
Di 29 Okt.	12 / 28	Sonnig, warm
Wo 30 Okt.	11 / 28	Warm
Do 31 Okt.	13 / 24	99% kans vir donderbuie
Vr 1 Nov.	14 / 25	62% kans vir donderbuie
Sa 2 Nov.	14 / 25	75% kans vir reën
So 3 Nov.	13 / 24	93% kans vir donderbuie
Ma 4 Nov.	15 / 29	Sonnig

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING VAN
VERKOOP VAN BESIGHEID
(LOPENDE SAAK)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepaling van Artikel 34 van die Insolvensiewet, Nr 24 van 1936, dat Thea Coetzee van voorneme is om die verhuuringsaak ten opsigte van die plaas Erfstuk 1605, Distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, groot: 264,4800 hektaar en die Resterende Gedeelte van die plaas Zandheuvel 1109, Distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, groot: 171,3064 hektaar te verkoop aan Milnex 646 BK, Registrasienommer 2007/030891/23 na afloop van 'n tydperk van 30 dae na die laaste publikasie van die voorgeskrewe advertensies.
MEISE NKAISENG ING.
GENERAAL HERTZOGWEG 153
DRIE RIVIERE, VEREENIGING
TEL: 016-420 2600
(Verw: Awie van Wyk/Yolandi/19001)

KENNISGEWING AAN
KREDITEUR & DEBITEUR

Boedel van wyle
MANTEFELLENG DINAH TLOU
In die gesamentlike boedel van wyle MANTEFELLENG DINAH TLOU, Nommer 005008/2019, Identiteitsnommer 541002 0781 080 wat gewoonlik woonagtig was te Sampie Fronemanstraat 15, Heilbron en wat te Tshipiso op 22 Mei 2019 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 3de dag van Oktober 2019.
JH JANSEN
JANSEN PROKUREURS
PIERCESTRAAT 58
POSBUS 890
HEILBRON, 9650
VERW: TL02/0001/JHJ/cm

KENNISGEWING

Kennisgewing in die BOEDEL VAN WYLE LUCAS MARTINUS VAN RENSBURG Identiteitsnommer: 341120 5007 087 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Presidentstraat 29, Reitz, 9810, ongetroud.
Datum van afsterwe: 13 Desember 2018
Boedelnommer: 002174/2019
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR
BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
REITZ
9810

Reliance Projects

We specialise in:

- Waterproofing
- Thatching
- Docking
- Swimming Pools
- Koil Ponds
- Renovations

CALL FOR PROMPT SERVICE:
063 031 5086

**TE
HUUR**

**HEILBRON
ROLBAL-
KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Bespreek by
Hannalie Claassen
079 040 0531

Barber Lie
62 Langmarkstr.
Heilbron

HAIRCUTS

Mens hair cut R70
Pensioners R50
Scholars R50

Women Welcome
Cut short R30
Long R100

Open
Monday - Friday
8am - 4pm
Saturday 9 - 1pm

**BETREKKING
KANTOORDAME**

LT Boerdery het tans 'n betrekking vir 'n voltydse kantoordame.

Aansoeker moet graad 12 hê en ook ten volle rekenaarvaardig wees.

Kennis van Excel / Word is 'n vereiste en Pastel sal tot voordeel wees.

Diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Stuur 'n volledige CV aan ltboerdery@yahoo.com

**L&T
BOERDERY**
Since 1999

TE KOOP

GiG Technologies

Fast, Reliable Wireless Internet
Now Available!!
From R299.00 p/m

012 647 1905
www.gigittechnologies.co.za

DIENTE

BAAL /
SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK
HEILBRON

**PLEK:
N.G Kerksaal
(Suid)**

• 26 November



TE KOOP



Toyota Corolla 1.6
Advance 2008
Automaties,
117000km.
Volle diensrekord by Toyota. R90 000
Kontak Hein Swart
082 854 3078

DANKIE!!

Die Koppies- en Greenlands padgebruikers wil net Willie Dreyer bedank vir al die rommel wat hy langs die pad opgetel het.
Dit word opreg waardeer.
Dankie Willie!

EIENDOMME

VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME

vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegetydig om teurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.



WISSENTIA

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koepkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.

Wendy 50 Jaar in die harebedryf

• *Laurette Naudé*

Op 'n snikhete Saterdagoggend, 19 Oktober, het 40 dames by Fraaihuis Kwekery bymekaar gekom vir Wendy se viering in die harebedryf. Soos 'n ware heer, met sy goue 1937 Desoto het Sampie Orton vir Wendy tot daar vervoer. Die dames het 'n erewag vir haar gevorm en met haar aankoms luidkeels gejuig en hande geklap. Hierna het almal onder die koeltebome in die tuin wat heerlik lafenis gebied het, gaan sit. Caryl Loots het op gepaste wyse met skriflesing en gebed geopen. Almal is hartlik welkom geheet. Dit was vir ons almal 'n “Dankie-sê” dag. Eerstens teenoor ons Hemelse Vader wat

haar en ons almal vir soveel jare gespaar het. Vir ons as kliënte is dit net 'n voorreg om haar as mens te ken. 'n Geskenk namens al die kliënte is aan haar oorhandig, asook 'n geskenkbewys vir die aankoop van plante. 'n Gelukkige trekking is gedoen in die groepe 50, 40, 30, 20 en 10 jaar. Hierdie 5 pryse bestaan uit 'n haarkleur vir elke dame in haar groep. Vorige haarkapsters het ook die geleentheid bygewoon, een sover as Bloemfontein. Bedankings is gedoen en daarna is heerlik saamgekuier oor 'n koppie tee en verversings. Die oggend is afgesluit met 'n pragtige geleentheidskoek, wat die harebedryf uitbeeld, wat opgesny is en aan elke kliënt 'n skyf in die bord besorg het.



Op die foto bo Sampie Orton en sy 1937 Desoto wat Wendy vervoer het.



Op die foto bo Wendy Roos en Laurette Naudé besig met die gelukkige trekkings.



Op die foto van die kliënte wat 'n erewag gevorm het met Wendy se aankoms.



Op die foto van die kliënte kuier gesellig saam onder die koeltebome.



Op die foto agter vl: Rina Groenewald, Ellen Marais, Wendy Roos, Magriet Booysen, Joey van Tonder en Rika Potgieter. Voor: Kleintjie Myburgh.



Op die foto vl: Antoinette Cunningham, Rosa Botes, Wendy Roos, Elmarie Cronje en Julia Bester,



Die geleentheidskoek wat spesiaal gebak is vir die geleentheid.



Op die foto agter vl: Mariaan van Rensburg, Hannie Botha, Martie Coetzer, Ria Booysen, Isabel Kruger, Wendy Roos, Hilde Roos, Lizelle Lange, Lina Nel, Juanita Schutte. Voor vl: Ria van Tonder, Nella Wilken.



Op die foto agter vl: Marinda Parks, Angelique Scheepers Wendy Roos, Yvonne Smit, Marina van Niekerk en Hillet Roos. Voor: Magdaleen van Rensburg.



Op die foto vl: Caryl Loots, Anet Germishuys, Christa Leonard, Wendy Roos, Alta Claasen en Bertha Hancke.



Op die foto vl: Rachel Booysen, Lodi Greeff, Wendy Roos en Nellien Scheepers.

Hierdie bladsy is moontlik gemaak deur vriende en kliënte van Salon Geody

Huis- en Tuinbouklub hou hul maand-vergadering in Vanderbijlpark



Opdie foto: Nellien Scheepers, René Botha (Spreekster), Nico Thuynsma (Spreker), Sannetjie Lombard, Wilna Weilbach & Andy Elliot.

Op Woensdag, 16 Oktober 2019, het die dames van Heilbron se Huis & Tuinbouklub by “The little Red Café”, in Vanderbijlpark vergadering gehou. Nico Thuynsma, van Cullinan, het 'n praatjie kom gee oor hoe om self jou eie protea te plant. Daarna is René Botha, van Kroonstad, aan die woord gesit. Sy het ons die natuurlike skoonheidsprodukte “Deborah-Dorcas Skincare: kom bekenstel en meer daarvan vertel. Met 'n vol program het Wilna Weilbach die dames se lus geprikkel om advokadopeerpitte te laat wortel skiet, te plant om dan 'n mooi boom vir jou nageslag na te laat. Tussen die geselligheid deur het sy die dames vinnig gewys hoe om 'n papierblom te vou. Na 'n gesellige, interessante oggend is die dames met baie kennis huis toe.

Nico Thuysma
Sy boerdery het in 1998 begin in Cullinan - 3000 plantjies is bestel van Elsberg se fynbos-eenheid in die Kaap. Hy het later jare Johan Liebenberg, wat een van die eerste pioniers in Gauteng van proteas in die laat 60's was, se grond met 'n versameling Erica's gekoop. In sy kwekery het hy meer as 100 verskillende proteas, speldekussings,

leucadendrons en 50 verskillende soorte Erica's. Erica's, wat familie van die asalia is, en protea's kan baie koue toestande hanteer, tot -7 grade. Die mees bekendste protea's wat geskik is vir koue toestande is die Silvia, Repens en Pink Ice. Beide protea's en Erica's hou van suur, goed gedreineerde grond en volson met koel “voete”. Wortelvrot en swamme is van die bekendste siektes wat voorkom en ontstaan as gevolg van warm grond en warm voete. Weens hul fyn wortelstelsel, wat die boonste 10cm van die grond groei, moet skoffel heeltemal vermy word. Geen bees-, hoender, skaap- of beenmeel moet ingedien word nie, slegs suurkompos - protea's en Erica's is allergies vir fosfate. As die plant jonk is moet een keer per week water gegee word. Volwasse plante se vermoë om droogtes te oorleef is beter en dan klassifiseer hulle as 'n “water wise” plant.

Proteas en Erica's groei nie maklik van 'n stiggie nie. Uit 'n groeipyntjie neem dit 'n jaar net om wortels te vorm. Koningproteas groei stadig en neem tot vier en 'n half jaar voor dit blom. Die blom ontwikkel voor die winter, en tydens die wintermaand ryp die

blom gewoonlik dood. Goeie raad is om protea's in 'n pot te plant, met goeie lig en kan binnehuis geskuif word gedurende die wintermaande. Indien jy die protea, veral Repens, omdraai, loop daar suikerwater uit en daarvandaan die bekende suikerbos wat baie voëls lok. Josephine Bonaparte was een van die eerste persone wat in Europa proteas geplant het.

René Botha
Nou kan jy ook moeder natuur se natuurlike skoonheid op jou vel ervaar met Deborah-Dorcas Skincare se eksklusiewe, natuurlike skoonheidsprodukte. Die unieke skoonheidsprodukte word gemaak deur middel van 11 verskillende essensiële olies, die eindresultaat is 'n natuurlike, verfrissende produk wat in jou vel se behoeftes sal voorsien. Dis ideaal om met jou dag te begin of mee te eindig op 'n lieflike manier, en die beste van als is - al die produkte is bekostigbaar! Dit bevat geen kunsmatige en skadelike preserveermiddels nie. Bedurf jouself en ervaar die salige gevoel van die natuur op jou vel. “Natuurlike skoonheid het 'n naam en hierdie naam is Deborah-Dorcas Skincare.”

Het jy geweet ?...

Nie eens die Sahara-woestyn is gewaarborg teen die ysige gebeurtenisse van die winter nie. Op 7 Januarie 2018 was die duine naby Aïn Séfra in die noorde van Algerië met sneeu bedek, wat op sommige plekke tot 40 cm diep gelê het. Die winterweer in die noorde van die Sahara is skaars, maar nie ongehoord nie - dit is die derde keer dat sneeu in bykans 40 jaar in hierdie streek val. Op sosiale media is daar gewys dat inwoners van die sneeuwandgedekte hange op hul mae gly. Maar die pret was van korte duur, die meeste daarvan het teen die einde van die volgende dag weggesmelt.

Huis Bron-van-Heil basaar

26 Oktober

Die jaarlikse Basaar by Huis Bron-van-Heil word gehou 26 Oktober 2019 om 09:00.

Almal word hartlik uitgenooi om hierdie heerlike dag saam te kom geniet. Daar word uitgesien na braaivleis, poeding en pannekoek en nog vele meer kan by die byeenkoms verwag word.

Daar word by voorbaat groot dankbaarheid getoon vir die donateurs wat gehelp het om hierdie geleentheid moontlik te maak.

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.



In die eg verbind



Piet en Mari Habig is die 5de Oktober in die huwelik bevestig in die Klipkerkie deur pastoor Leon Deyssel. Die egpaar vestig hulle op die plaas Grootkraal, Heilbron distrik. Foto erkenning: Marilize Loots Fotografie

Electric vehicle charger installed

at Buffalo Valley Spur



During last week an electric vehicle charger was installed at Buffalo Valley Spur in Heilbron. The Heilbron charger is part of the route to Clarens and part of the #evCrowdRoute planned rollout to make tourists visit towns they would ordinarily drive past. Over the next 10 years the company plans to install 11777 chargers, one for every town in South Africa.



Groot opwinding by Bokkesport



Die dag is altyd 'n groot, opwindende dag. Veral vir die kleintjies is dit baie belangrik. O, om nie te praat van die mammas en pappas met die ou heel kleintjies nie. Hul heel eerste 60- en 80m.

Watter tema gaan die spanleiers mee vorendag kom? “JAPAN” en “AQUAMAN” het hul verskyning met die optog gemaak. Hierdie keer was dit 'n oggendbyeenkoms. Almal het sommer vroeg besef dit gaan 'n

baie warm dag wees.

Daar is gesing en geesgevang en die waterballonne en waterkanon het oor en weer gevlieg.

Skielik was die pret verby en moes almal hul deel doen om die dag suksesvol te maak. Daar is gehardloop, gespring, gestoot en gegooi. Om die spanning aan te help, is die groot aflos gedoen waar klein teen groot wegspring en dan weer groot teen klein

eindig. Die vinnigste mamma en pappa kon toe hul beurt kry. Ai tog! Die spiere wil nie meer so lekker saamwerk nie.

'n Baie suksesvolle Bokkesport is afgesluit en die organiseerders wil vir al die

ouers wat as beamptes opgetree het, 'n groot dankie sê. Baie geluk aan die Springbokke met hul wen op die baan!

Geluk ook aan die Blesbokke met hul wen op die pawiljoen.

Sperdatum vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00

President en Kapteindag saam met finaal

Waar gaan jy wêreldbeker finaal kyk? Heilbron Gholflklub is die plek en saam met dit word die VKB President- en Kapteinsdag ook aangebied. Die bestuur het dit goedgevind om reeds om 07:30 af te slaan en gaan die kompetisie iets heel anders wees. Gholfers gaan net 9 putjies speel omrede die afskop reeds 11:00 is. Die tweede nege word op die veerpyltjie bord beslis. Daar gaan individuele pryse wees en spanne word gekies tydens die inskrywing. Die koste beloop R 150 en sluit 'n braai in na afloop van die wedstryd.

Die prestige dag is vanjaar op 16 November, hierdie jaar gaan Michael Scholtz die spelers kom touwys maak hoe om 'n bal nie te slaan nie, hy sal die aand ook as programleier optree. Inskrywings kan ook gedoen word by die klub. Gaan kyk gerus na die skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=yn0uplsy2E0>

Die naweek is die inskrywings vanaf 12:00 en word die HBA mug ook gespeel. Die wat die semifinaal wil kyk tussen Engeland en die Kiwi's is welkom, daar sal genoeg tyd wees om te speel na die wedstryd.

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

U EEN-STOP WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 • **Saterdag:** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

BKB Louwid NOORD
Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

DINSDAG - 29 OKTOBER 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VENTERSBURG : NEELS & RIKUS DE VILLIERS
STAAK SAAIHOERDERY VEILING - IMPLEMENTE & TOERUSTING
11:00, Hayfield, Ventersburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

WOENSDAG - 30 OKTOBER 2019

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 31 OKTOBER 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

VRIDAG - 1 NOVEMBER 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 2 NOVEMBER 2019

CORNELIA : RYKERS VAN ROOYEN
750 Uitstekende Dormers
11:00, Hestersdoel Gastepaas, Cornelia
Kontak Gert Burger 082 822 1952

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

JAARPROGRAM : 2019		
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
8 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
23 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD	